Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2022

# GRAAD 10

**EKONOMIE**

**(VRAESTEL 1)**

EXEMPLAR

**TYD: 1½ uur**

**PUNTE: 100**

**10 bladsye**

Downloaded from testpapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord DRIE vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord EEN van die twee vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste aantal oorskry, sal NIE nagesien word nie.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Skryf die vraagnommer bo elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **20 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.6 E.

1.1.1 ŉ …-stelling behels ŉ mening of waarde-oordeel.

A Negatiewe
B Positiewe
C Normatiewe
D Wetenskaplike

1.1.2 Die proses om grondstowwe in voltooide goedere en dienste te verander word … genoem.

A verspreiding
B produksie
C verbruik
D belegging

1.1.3 Betalings vir sosiale sekerheid, ongeskiktheidstoelaes en kinderondersteuningstoelaes staan bekend as …

A oordragbetalings.
B sosiale betalings.
C spaargeld.
D beleggings.

1.1.4 ŉ Voorbeeld van direkte belasting is ...

A LBS.
B Belasting op Toegevoegde Waarde.
C Sondebelasting.
D Aksynsbelasting.

1.1.5 ŉ Aanwyser wat verander op dieselfde tyd as wat die ekonomie verander, word ŉ … aanwyser genoem.

A saamgestelde
B samevallende
C leidende
D sloerende (5 x 2) (10)

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommers (1.2.1 – 1.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer, bv., 1.2.7 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Lone | A Die gedeelte inkomste wat nie aan goedere en dienste bestee word nie |
| 1.2.2 Spaar | B Die potensiële voordele waarop 'n individu misgeloop het wanneer hy een alternatief bo 'n ander kies |
| 1.2.3 Faktormark | C Behaal nie 'n prys in die mark nie |
| 1.2.4 Geleentheidskoste | D Glo dat markte inherent onstabiel is, en skommelinge is deel van die manier waarop 'n markekonomie funksioneer |
| 1.2.5 Vrye goedere | E Die permanente vernietiging van woude om die grond vir ander gebruike beskikbaar te stel |
| 1.2.6 Keynesiaanse | F Die produksiefaktore word op hierdie markte verhandel |
| | G Word bepaal deur die vraag en aanbod van arbeid |

(6 x 1) (6)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 – 1.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word nie.

1.3.1 Grond, kapitaal, arbeid en entrepreneurskap wat benodig word as insette om goedere en dienste te produseer

1.3.2 Stel die onttrekking van geld uit die ekonomiese kringloop voor

1.3.3 Die ekonomiese probleem van onbeperkte menslike behoeftes in 'n wêreld met beperkte hulpbronne

1.3.4 Die keerpunt in die sakesiklus waar die vlak van ekonomiese aktiwiteite op sy laagste is (4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE primêre sektor nywerhede. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom sal BBP-groei nie noodwendig tot ŉ hoër lewenstandaard vir alle burgers lei nie? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**Wat is ekonomiese modelle?**

*Sam Ouliaris*
ŉ Ekonomiese model is ŉ vereenvoudigde beskrywing van die werklikheid, ontwerp om hipoteses oor ekonomiese gedrag op te lewer wat getoets kan word. Verskillende ekonome sal verskillende oordeel vel oor wat nodig is om hul interpretasies van die werklikheid te verduidelik. Voorbeelde van ekonomiese modelle sluit in die Klassieke Model en die Produksiemoontlikheidsgrens.

**[Aangepaste bron: https://www.imf.org]**

2.2.1 Gee EEN voorbeeld van ŉ ekonomiese model. (1)

2.2.2 Watter metode word deur ekonome gebruik om so objektief as moontlik te bly? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *positiewe stelling*. (2)

2.2.4 Hoe help ekonomiese modelle ekonome? (2)

2.2.5 Waarom is Ekonomie ŉ belangrike vak? (4)


EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



2.3 Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**Die Suid-Afrikaanse ekonomie groei met 1,2% in Kwartaal 2: 2021**




**[Aangepaste bron: http://www.statssa.gov.za/?p=14660]**

2.3.1 Identifiseer die bedryf wat die hoogste groeikoers aangeteken het. (1)

2.3.2 Watter globale gebeurtenis het bygedra tot die negatiewe groeikoerse in konstruksie? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *Bruto Binnelandse Produk (BBP).* (2)

2.3.4 Hoe trek die plaaslike ekonomie voordeel uit die buitelandse sektor? (2)

2.3.5 Waarom is die *BNP* van 'n land nie dieselfde as sy *BBP nie*? (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik kortliks die verskillende benaderings tot Ekonomie. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe dra inspuitings by tot ekonomiese groei? (8)
**[40]**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE tipes skaarshede. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe verander die vlak van ekonomiese aktiwiteit tydens ŉ depressie? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: Google]**

3.2.1 Noem die skadelike arbeidspraktyk geïllustreer in die prente. (1)

3.2.2 Op watter ouderdom mag ŉ mens wettiglik begin werk? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *menseregte*. (2)

3.2.4 Watter effek het armoede op menseregte? (2)

3.2.5 Hoe kan die regering help om menseregte te beskerm? (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



3.3 Bestudeer die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Plastiekafval en klimaatsverandering – wat is die verband?**



Plastiek is een van die mees aanhoudende besoedelende stowwe op aarde. Dit is gemaak om te hou - en dit doen, dikwels vir 400 jaar of meer. En by elke stap in sy lewensiklus, selfs lank nadat dit weggegooi is, skep plastiek kweekhuisgasvrystellings wat bydra tot die verwarming van ons wêreld.

3.3.1 Noem die tipe besoedeling wat hierbo uitgebeeld word. (1)

3.3.2 Watter tipe plastiek drasakke mag nie meer deur kleinhandelaars gebruik word nie? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *besoedeling.* (2)

3.3.4 Hoe benadeel die gebruik van plastiek die omgewing? (2)

3.3.5 Hoe kan die regering ingryp om die omgewing te help red? (2 x 2) (4)

3.4 Verduidelik kortliks die verskil tussen *ekonomiese goedere* en vrye *goedere*. (2 x 4) (8)

3.5 Waarom is werkloosheid hoër tydens ŉ resessie? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

EXEMPLAR

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding:**<br><br>Die inleiding is ŉ laerorde-antwoord.<br><br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraagonderwerp verband hou, te definieer.<br>• Moet nie enige deel van die vraag by die inleiding insluit nie.<br>• Moet nie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy enige bespreking van die liggaam in die inleiding. | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br><br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/ Verduidelik/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Assesseer/Debatteer<br>**ŉ Maksimum van 8 punte mag vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.** | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/ Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**ŉ Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir die blote lys van feite.** | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking:**<br><br>Enige hoër-orde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br><br>● ŉ Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds genoem is te herhaal.<br>● Enige opinie of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>● Addisionele ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>● ŉ Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>● Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

Downloaded from testpapers.co.za

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek, in detail, die onderlinge verband tussen die vier deelnemers aan die ekonomiese kringloop. (26 punte)
- Evalueer die effek van die COVID-19-pandemie op die BBP-totale. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek, in detail, die verskillende fases in 'n sakesiklus. (26 punte)
- Hoe kan die sentrale regering sake-aktiwiteit beïnvloed? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**

EXEMPLAR

**EINDE**